

18 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 1 en 2
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 1:1-13**

God by ons woning maak

Die eerste Kroniekeboek begin by die stamvaders van Israel voor en tydens die woestynreis. Hulle het die tabernakel gehad – die tentheilgdom – waar die verbondsark van die Here gehuisves is. Dit was die Here se tydelike woonplek onder sy volk tydens die woestynreis. Selfs in die tyd van die eerste koning, Saul, was daar geen tempel nie. Die verbondsark het in Silo gestaan en later in Kirjat-Jearim. Koning Dawid het dit oorgebring na Jerusalem en 'n tent daarvoor opgeslaan. Met hierdie situasie begin die tweede Kroniekeboek. Die ark, simbool van God se teenwoordigheid onder sy volk, word tydelik in 'n tent gehuisves. Die tent van samekoms, waar die volk feestelik voor die Here saamgekom het en offers gebring het, was op 'n ander plek, naamlik Gibeon.

Koning Salomo wil eenheid herstel. Die plek waar die volk aanbid en die plek waar God woon, moet byeengebring word in 'n vaste tempel. Dis die eerste groot saak in 2 Kronieke. Hierdie eerste tempel is telkens ontheilig. Die res van 2 Kronieke beskryf herhaalde tempelreinigings. Die eerste tempel is uiteindelik verwoes. Tweede Kronieke eindig deur te sê dat die Here deur Kores 'n tweede tempel beskik het.

Toe Salomo die tempel laat bou, trek die volk as 't ware by God in. Die plek van samekoms (Gibea) word oorgebring na die plek waar die ark staan (Jerusalem). Maar eintlik is dit God wat by sy volk kom woning maak. Die hoogste hemele kan Hom nie bevat nie, en tog laat Hy sy Naam in Jerusalem woon. Hierdie tema loop soos 'n goue draad deur die tweede Kroniekeboek. Dié draad loop dwarsdeur tot in die nuwe verbond, toe God deur sy Seun en sy Gees by óns kom intrek het.

Sing: Psalm 26:1,5

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)